*LANDBOUNAVORSINGSRAAD*
*AGRICULTURAL RESEARCH COUNCIL*

# Olie- en Proteïensadesentrum/ Oil and Protein Seed Centre

VORDERINGSVERSLAG/PROGRESS REPORT

| | | |
|---|---|---|
| PROJEK NOMMER | : | GO 16/05 |
| PROJEK TITEL | : | Ontwikkeling van grondboonkultivars vir proteïenproduksie |
| VERANTWOORDELIKE BEAMPTES | : | A Cilliers |
| NAVORSINGSLEIER | : | Programleier |
| MEDELEIER | : | Dr PS van Wyk |
| MEDEWERKERS | : | HLN Joubert, R Barkel, G Strydom |
| VERANTWOORDELIKE SEKSIE | : | Grondboonteelt |
| AANVANGSDATUM | : | 1994/95 |
| VERSLAGJAAR | : | 1995/96 |
| VERWAGTE EINDDATUM | : | 1999 |
| DOEL | : | Om die opbrengs en kwaliteit van grondboon cultivars deur siekteweerstand, aanpasbaarheid, stabiliteit en chemiese aanvaarbaarheid te verhoog. Cultivars met 'n verhoogte proteïenproduksie en verbeterde kwaliteit word in vooruitsig gestel |

# PROTEÏENNAVORSINGSTRUST (PNT) 1995/96

Projek: Ontwikkeling van grondbooncultivars vir proteïenproduksie.

## BESTUURSOPSOMMING

Grondbone is een van die belangrikste olie- en proteïenryke gewasse in Suid-Afrika. 'n Totale produksie van ongeveer 130,000 ton grondboonpitte word vanjaar (1995/96) in Suid- Afrika verwag. Weens die goeie graderingskwaliteit word grondbone uitgevoer en die gewas dra jaarliks ruim by tot verdienste van buitelandse valuta. Grondbone is een van die belangrikste proteïenbronne vir kleinboere in Suid-Afrika en naburige Afrikastate.

Plantsiektes en veral blaarsiektes by grondbone is 'n stremmingsfaktor wat die opbrengste beperk. Weerstand teen siektes is 'n goedkoop biologiese beheermaatreël wat aanleiding gee tot beter opbrengstabiliteit.

Die doel van hierdie projek is die verhoging van proteïenproduksie van grondbone per eenheidsgebied. Weerstand teen plantsiektes is een van die belangrikste komponente wat aangewend word vir opbrengsstabiliteit. Gedurende die verslagjaar is die weerstand teen ses grondboonsiektes ondersoek. By al die siektes was betekenisvolle verskille tussen genotipes gevind. Die mees belangrikste bevinding van die projek was die hoë mate van weerstand teen *Sclerotinia minor*. Meer as 30 cultivars is geïdentifiseer met goeie weerstand teen *Sclerotinia minor*.

Mej. T Müller was verantwoordelik vir die projek. Sy was volgens kontrak vir een jaar aangestel en haar salaris is deur PNT bygedra. Ongelukkig het mej Müller in Mei 1996 bedank en mnr André Cilliers is vanaf die Plantpatologieseksie van OPS oorgeplaas na Planteteelt. Ongeveer 70% van sy tyd sal aan hierdie projek toegewy word. Hy is 'n permanente werknemer van die LNR. Daar word gevolglik nie soos in die verlede begroot vir salaris nie. Die totale begroting verminder vanaf R78,070 in 1996/97 tot R31111 vir 1997/98. Dit word hoofsaaklik aan die salarisvermindering toegeskryf.

Aansoek word hiermee gedoen om voortsetting van die projek; weerstandteling teen verskeie grondboonsiektes sal plaasvind. Die resultate sal in die pers bekendgestel word en dit word beoog dat mnr A Cilliers tydens die Plantpatologiekongres in Januarie 1997 'n referaat oor die projek sal lewer.

PJA vd Merwe

---

Assistent Direkteur

Olie- en Proteïensadesentrum